Bybel vir Kinders
bied aan

Joshua neem Beheer

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Janie Forest

Aangepas deur: Ruth Klassen

Vertaal deur: Yvonne Kriel

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2013 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Moses het gesterwe.
Joshua het geweet
God het hom gekies
om die Israeliete te
lei. Voor Joshua sy
weermag kon
regkry moes
hy homself
voorberei.

God het Joshua oorwinning en voorspoed in die Beloofde Land belowe as die mense altyd God se Woord gehoorsaam sou wees.



Die Israelite het belowe om Joshua te volg en altyd God se Woord te gehoorsaam.

Wyslik het die nuwe leier verspieders in Kanaan ingestuur om te gaan kyk hoe goed die verdediging is van die groot stad Jerigo.

Die eerste stryd sal daar geveg word.

Iemand het aan die Koning van Jerigo gesê daar is verspieders in die dorp. Hy het sy soldate gestuur om hulle te soek.

Die soektog het by Ragab se huis begin waar die mans gebly het. Die soldate het hard aan die deur geklop. Gou het Ragab die mans weggesteek onder vlas.

Die soldate het weggegaan en Ragab het die manne met 'n rooi tou laat afsak na veiligheid buite die stadsmuur.

Hoekom het sy
die verspieders
gehelp? Sy het
geweet God
is met hulle.
Sy wou hê
God moet haar
lewe spaar.
Die verpieders het
belowe om haar en
haar familie te spaar.

Voor die Israeliete Jerigo kon binne gaan moes hulle die Jordaan rivier oorgaan om in Kanaan,



die beloofde land te kom. Daar was geen brug nie, hoe sou die mense die rivier oorgaan.

God het aan Joshua gesê priesters moet die soldate en mense lei, terwyl hulle die Ark met die Tien Gebooie dra.

Wanneer die priesters se voete die waterkant raak het God 'n wonderwerk laat gebeur. God het 'n droeë pad gemaak regdeur die water.

Nadat al die mense veilig deurgegaan het, het hulle twaalf groot klippe in die rivier bed en nog twaalf klippe op die Kanaan kant van die rivier gesit.



Dit sou die mense help om
hulle kinders te leer
van God se groot
krag en liefde.





Jerigo het sterk dik mure gehad.

Terwyl Joshua die aanval beplan het God een van Sy Kapteine van Sy weermag van die hemel gestuur om Israel se nuwe leier te herinner dat God oorloë wen vir Sy mense.

God het aan Joshua gesê
hoe om Jerigo aan te val.
Dit was 'n snaakse plan.

Die mense van God moes om die stad loop een maal per dag vir ses dae en sewe keer op die sewende dag.

Hulle moes dan op hul trompette blaas en skree. Dan sou die mure van die stad omval.

Joshua en sy weermag het gemaak soos God beveel het. Miskien het die mense in Jerigo gelag vir hulle.

7





Na die sewende keer om die stad op die sewende dag het die priester sy ramshoring geblaas. Net soos God belowe het … DIE GROOT MUUR VAN JERIGO HET GEVAL!

7





Net Ragab se huis in
die muur was veilig.
Sy het die rooi
tou nog deur die
venster laat hang.

Vinnig het Joshua se mense Ragab en haar familie gered. Jerigo was verwoes soos God beveel het.

Getrou het Joshua Jerigo
se goud, silwer en skatte
in God se diens gestel.

Hy het ook 'n vloek
uitgespreek op enige een
wat die bose stad herbou.

Gou het elkeen
in Kanaan gehoor hoe
Joshua Jerigo verslaan
het. Hulle het geweet
God is met sy mense.

Joshua neem Beheer

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Joshua 1-6

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is,
se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag!
Johannes 3:16